A 4.3.1 SUB-TAAKSPAN: JEUGINISIATIEWE: #IMAGINE

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Anriëtte de Ridder (Wes-Kaapland)
Fouché de Wet (Noordelike) (sameroeper)
Teodor van der Spuy (Oostelike)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Die #Imagine jeugnetwerk is in 2013 deur 'n groep predikante en jeugwerkers in die NG Kerkfamilie begin om tienerbediening in die kerk te verbeter, ekumeniese netwerke te bou en 'n nuwe generasie van dienende leiers op te rig. Sedertdien het die netwerk gegroei tot 'n landswye organisasie wat verskeie denominasies en honderde gemeentes en kerke betrek.

In 2015 het die Algemene Sinode 'n besluit geneem om 'n projekspan vir #Imagine te vestig wat as deel van die taakspan Geloofsvorming:Jeug funksioneer. Die besluit lui as volg:

JEUGINISIATIEWE (T.8.3.1 pt 7, Notule Dag 3 pt 13)
Die Algemene Sinode besluit om in die plek van die bestaande "Jeugnetwerk" 'n nuwe Subspan vir
Jeuginisiatiewe te vestig wat as deel van die Projekspan vir Jeugbediening ook vennote in jeugbedienings in ekumeniese verband in 'n netwerk inbind – byvoorbeeld #imagine.

Die lede van die taakspan was van meet af by #Imagine betrokke en het op die nasionale bestuursliggaam gedien. In 2016 is 'n nie-winsgewende maatskappy genaamd ***Imagine Youth Movement*** gestig om die netwerk as organisasie te formaliseer. Die lede van die taakspan is aangewys as direkteure van die maatskappy, met Louis Brittz as nie-uitvoerende direkteur. Saam met 'n nasionale uitvoerende span word die werksaamhede van die netwerk beplan, bestuur en gekoördineer. Volgens die oprigtingsakte van die maatskappy kan die Algemene Sinode van die NG Kerk drie direkteure aanwys om op die direksie van #Imagine te dien, om die noue band met die NG Kerk te beskerm en te handhaaf.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

2.2.1 WAT #IMAGINE WIL REGKRY

- #Imagine wil tieners inspireer om met nuwe verbeelding te droom oor hul eie toekoms en hul gemeenskap. Ons wil hulle help met die ontwikkeling van 'n gesonde, gebalanseerde geloofslewe in vennootskap met hul plaaslike kerk. Ons wil jongmense help om opnuut te besef dat hulle volledig deel is van die kerk, dat hulle geweldig baie potensiaal het en dat hulle as leiers van die toekoms 'n impak kan maak in Suid-Afrika. Ons wil jongmense help om beter toegerus te wees vir die lewe as volwassenes.
- Ons wil 'n versoenende rol speel in Suid-Afrika deur 'n platform te skep waar jongmense uit verskillende kultuurgroepe en gemeenskappe mekaar kan ontmoet en beter kan leer ken.
- Ons wil as kerke mekaar help om nuut te dink oor tienerbediening en sodoende ruimte skep vir jongmense om in die kerk te dien en leiding te neem.

2.2.2 HOE ONS DIT DOEN

- **#imagine jeugfeeste**
  Die grootste projek van #Imagine is die jaarlikse jeugsaamtrekke wat gehou word vir hoërskooltieners van graad 8-12. Die jeugsaamtrekke se uniekheid lê daarin dat dit groot massabyeenkomste is wat anders lyk as enige kamp waarop die jongmense nog was. Vier saamtrekke word landswyd oor dieselfde naweek met dieselfde program op verskillende plekke aangebied: by Bela-Bela in Limpopo, Nampopark in die Vrystaat, Jeffreysbaai in die Ooskaap en Bredasdorp in die Weskaap.

  In 2019 het meer as 6400 jongmense uit 315 verskillende dorpe en stede die saamtrekke bygewoon. Daar was predikante, jeugwerkers en jongmense van meer as 1400 kerke en gemeentes van 15 verskillende hoofstroomdenominasies. Die naweekprogram het bestaan uit

sprekers wat voorafbepaalde temas kommunikeer, lof-en aanbiddingsessies gefasiliteer deur multikulturele musiekgroepe, praktiese werkswinkels en -opleiding oor verskillende kontekstuele onderwerpe.

- **Post Experience Uitrolprogramme**
  Dit is vir ons van kardinale belang dat die energie wat by die Experience-saamtrekke losgemaak word, teruggaan huis toe. Daarom het ons verskeie programme na afloop van die saamtrekke om tieners en kerke te ondersteun:
  Hulpbronne en kleingroepmateriaal
  Al die materiaal (Bybelstudies, video's, gespreksvrae en sprekernotas) wat vir die saamtrek ontwikkel word, word na die tyd gratis beskikbaar gemaak vir gebruik. Die uitnodiging aan jongmense en kerke is om die gesprekke by die huis voort te gaan sit, om jongmense wat nie die feeste bygewoon het nie te betrek en deel te maak. Ons stel jaarliks 10 000 gratis gedrukte #Imagine boekies beskikbaar vir gebruik regoor die land.
  Re-Imagine
  Die Re-Imagine program maak dit vir kerke en gemeentes moontlik om 'n kleiner #Imagine byeenkoms in hul eie dorp of streek te hou. Dit word in vennootskap met plaaslike kerke gedoen – van die netwerk se kant af word musiekgroepe en sprekers gestuur met 'n groep plaaslike kerke wat as gashere optree.
  Gemeenskapsprojekte
  Dit is vir ons belangrik dat jongmense eerstehande kennis en ervaring opdoen van gemeenskaps- en opheffingswerk. Die Mission Exposure Trip program fasiliteer opleiding en blootstelling aan verskillende kontekste in samewerking met verskeie bedieningsvennote.
  #Imagine Kidz
  #Imagine Kidz is 'n program wat tieners toerus om as groepleiers en fasiliteerders op te tree by vakansieklubs vir laerskoolkinders. So word tieners aangemoedig om hul gawes te gebruik.

- **Bou van netwerke en mentorskap van leiers**
  Die sukses van tienerbediening hang nou saam met die toerusting van die leiers verantwoordelik daarvoor.
  #ignite leierskonferensies
  Die #ignite inisiatiewe is jaarlikse geleenthede waartydens jeugpredikante, jeugwerkers en entoesiaste bymekaarkom om te besin oor huidige tendense rondom tienerbediening, beste praktyke en hulpmiddels vir die bediening van jongmense. Dit is 'n uitstekende netwerkgeleentheid.
  Bou van netwerke
  Ekumeniese en interkulturele samewerking tussen kerke maak wonderlike energie los en skep ruimte vir leergemeenskappe om te ontwikkel. Deur gereeld netwerksaamtrekke te reël help ons kerke en jeugbedienings om kontak te maak met ander kontekste en by mekaar te leer.
  #Imagine Young Adults
  Studente en jong volwassenes wat as hoërskoolleerders #Imagine bygewoon het word steeds betrek om as mentors en groepleiers te dien. Dit is verblydend om te sien hoe baie studente en jong volwassenes by #Imagine saamtrekke kom dien. Saam met ander studente organisasies werk ons om die netwerk te vergroot.

2.3 WAAROOR IS ONS DANKBAAR?

2.3.1 'n INKLUSIEWE NETWERK VIR ALMAL

Die #Imagine netwerk het oor die afgelope ses jaar geweldig gegroei om kerke en gemeenskappe regoor Suid-Afrika te betrek. Die netwerk betrek kerke en gemeentes uit meer as 15 hoofstroomdenominasies en hordes onafhanklike kerke. Daar is stadsgemeentes en plattelandse kerke, kerke uit hoë-inkomste gemeenskappe en kerke met jongmense uit plakkerskampe. Dit wat #Imagine bied trek jongmense en kerke van oraloor.

2.3.2 GOD WERK IN EN DEUR JONGMENSE

Ons hoor soveel stories van jongmense en kerkleiers en ouers wie se lewens deur God verander is nadat hulle by #Imagine betrokke geraak het dat ons verstom staan. Ons hoor net soveel wonderlike stories van jongmense wat by bedieninge betrokke raak en nuwe geleenthede raaksien en inisiatief neem. Ons is dankbaar!

2.3.2 OPRIGTING VAN NUWE JONG LEIERS IN DIE NG KERK

Dit is wonderlik om te sien hoeveel jong predikante en jeugleiers geleentheid kry om binne die netwerk leiding te neem en te dien. Die vaardighede wat hierdie leiers ontwikkel om in 'n ekumenies- en kultureel diverse omgewing te werk is bates wat vorentoe vir gemeentes en die kerk baie kan beteken.

3. WAT SIEN ONS RAAK?

3.1 BYWONINGSYFERS VERTEL 'N STORIE

3.1.1 FAKTORE WAT BYWONINGSYFERS BEÏNVLOED

#Imagine volg 'n netwerkbenadering met die bywoning van byeenkomste – tieners kan nie as individue 'n #Imagine-fees bywoon nie, maar slegs as deel van 'n groep. Dit is 'n poging om die geïsoleerde eilandervaring te voorkom. Tieners kom dus daar aan saam met leiers van hul eie kerk, en gaan terug huis toe saam met hulle. Vir elke 10 tieners wat 'n kerk inskryf moet daar 'n volwasse leier die fees saam bywoon. So word geleentheid gegee vir refleksie en gesprekke by tuisgemeentes na afloop van die feeste. Dit beteken egter ook dat indien 'n gemeente een jaar besluit om nie #Imagine by te woon nie, tieners dit noodgedwonge misloop.

#Imagine feeste vind plaas tydens die laaste naweek van die April-skoolvakansie. Die bywoningsyfers van feeste word beïnvloed deur die lengte van die skoolvakansie en verlof van predikante en jeugwerkers wat as koördineerders vir groepe optree. Die nasionale bywoningsyfers vir die afgelope 4 jaar is as volg:

#Imagine bywoningsyfers

Jaar	Getal mense	Kerke	Denominasies	NG gemeentes	Dorpe en stede
2016	7260	1294	40+	geen data	315
2017	6402	956	40+	geen data	299
2018	5237	1370	40+	geen data	302
2019	6279	1411	40+	635	315

Opmerkings:

- Aangesien die grootte van groepe geweldig wissel, is die aantal kerke en dorpe wat verteenwoordig word die belangrikste maatstaf vir die groei van ons netwerk.
- Ons het in 2019 die eerste keer betroubare data gekry oor die aantal NG gemeentes wat #Imaginefeeste bywoon, en ons is aangenaam verras!

3.2 WAT Sê DIE MENSE?

Vir die afgelope drie jaar word daar tydens die groot feeste navorsing gedoen deur middel van vraelyste en *Surveymonkey*. Ons doen dit om ons aannames rondom wat ons wil bereik en die impak van #Imagine te toets.

3.2.1 AS ONS JONGMENSE VRA

Hoe het #Imagine jou geloofstorie beïnvloed?

- #Imagine het my laat besluit om Jesus te volg – 25%
- #Imagine help my om met Jesus te *connect* – 56%
- #Imagine help my om as Christen te groei – 67%
- #Imagine inspireer my om te dien – 36%
- #Imagine rus my toe om 'n verskil te maak – 41%
- #Imagine inspireer my om ander te mentor in hulle geloofsreis – 24%

Hoe het #Imagine jou op 'n praktiese manier beïnvloed?

- Ek gebruik die #Imagine Bybelstudies na die tyd – 35%
- #Imagine help my om 'n vriend uit 'n ander kultuur of ras te maak – 51%
- Ek het meer betrokke geraak by my plaaslike kerk – 56%
- #Imagine het my geïnspireer om op 'n uitreik te gaan – 37%

Waar ervaar jy Jesus tydens #Imagine?

- Tydens kleingroepgesprekke – 25%
- Werkswinkels (praktiese sessies oor lewens- en kontekstuele kwessies) – 33%
- Ontmoetingstasies (ervaringsleermomente na sprekersessies) – 38%

- Tussen vriende – 22%
- Tydens sprekersessies – 32%
- Tydens lofprysing en aanbidding – 78%
- Saam met groepleiers – 9%
- By die sorgspan (beraders wat saam met jongmense bid) – 8%

3.2.2 AS ONS LEIERS VRA

Waarom bring jy jongmense #Imagine toe?

- Hulle leer tieners van ander kerke ken – 28%
- Hulle maak kontak met tieners van ander kulture – 27%
- #Imagine help hulle om as Christene te groei – 71%
- Sommige van ons tieners besluit hier om Jesus te volg – 38%
- #Imagine gee vir hulle ’n droom dat God hulle kan gebruik – 51%
- #Imagine inspireer hulle om ’n verskil te maak – 58%
- Dit is groot pret – 39%
- Ek kan goeie tyd saam met hulle spandeer – 20%

Hoe het #Imagine jou bediening by jou kerk gehelp?

- Ons tieners is meer aktief betrokke by die kerk – 49%
- Ons tieners is meer opgewonde oor projekte en uitreike – 56%
- Ons tieners het ander tieners gehelp op hulle geloofsreis – 28%
- Ons gebruik #Imagine tieners as leiers by ons gemeente – 31%

4. WAT IS VIR ONS HELDER?

4.1. ONS DINK #IMAGINE IS BETEKENISVOL

4.1.1 VIR JONGMENSE

#Imagine help tieners om deel te voel van iets groters. Dit inspireer hulle om ’n verskil te maak en om brûe te bou na jongmense uit ander kulture. Dit bring hulle in ’n omgewing waar doelbewus gepoog word om versoenende werk te doen.

4.1.2 VIR GEMEENTES EN KERKE

Tienerbediening kan geweldig bevredigend wees, omdat ons jongmense kan bystaan tydens ’n kritiese lewensfase. Maar dit is ook uitdagend en meermale frustrerend, omdat ons nie weet wat in jongmense se koppe aangaan nie. #Imagine se netwerk en aktiwiteite help gemeentes om saam te dink oor doeltreffende en effektiewe tienerbediening, en voorsien gemeentes met hulpbronne wat tuis vir tienerbediening aangewend kan word.

4.1.4 VIR SUID-AFRIKA

Ons leef in ’n kultuur waar die politieke diskoers sterk fokus op identiteitspolitiek en alles wat mense in Suid-Afrika verskillend maak. Die skep van ’n platform waar jongmense kan sien en ervaar dat ons as Suid-Afrikaners baie in gemeen het, is van onskatbare waarde. ’n Nasionale netwerk soos #Imagine wat jongmense ook inspireer om hier en nou ’n verskil te maak, beteken ongelooflik baie.

4.2 GOD DAAG ONS UIT DEUR #IMAGINE

Die skep van ’n ekumeniese, inklusiewe netwerk van kerke het geweldige potensiaal, maar is natuurlik ook uitdagend. Die skep en handhawing van middelgrondruimtes wat teologie, kultuur en taal betref is neem baie energie en kan uitputtend wees. Ons word voortdurend bewus gemaak van ons eie vooroordele en kulturele blindekolle wanneer ons met vennote in die netwerk te doen kry. Ons droom is dat God ons sal help om te bly groei en meer sensitief te maak vir die verskillende kontekste waarin ons land se tieners grootword asook die kerke wat hulle moet begelei.

4.2 ONS PLANNE VORENTOE?

4.2.1 OP PAD NA VOLHOUBAARHEID

Die wyse waarop die organisasie die afgelope paar jaar gegroei het is verblydend, maar het ook bepaalde uitdagings gebring. #Imagine het vir baie lank slegs van vrywilligers gebruik gemaak om die werk te doen. Teen 2017 was dit duidelik dat dit nie volhoubaar is nie. Nadat ons in 2018 deelgeneem het aan ’n besigheidsversnellerprogram, TRIGA, is die besluit geneem om te skuif na ’n meer formele organisasie met kantore en voltydse personeel.

Sedert September 2018 is ’n uitvoerende beampte en administratiewe bestuurder aangestel. Hulle is getaak met die implementering van ’n besigheidsplan wat korporatiewe bestuur moet verbeter,

inkomstestrome moet genereer en bestuurstelsels in plek moet kry om #Imagine te laat groei tot ŉ volhoubare organisasie. Goeie vordering word gemaak maar dit is nog vroeg in die proses.

4.2.2 ONTGINNING VAN GROEIGELEENTHEDE

Behalwe vir die groei na ŉ volhoubare organisasie is daar verskeie ander groeigeleenthede wat wag om ontgin te word:

- **#Imagine Kwazulu-Natal**
  Tans bied #Imagine 4 nasionale feeste aan – in die Ooskaap, Weskaap, Vrystaat en Limpopo. Ons hoop om teen 2021 ŉ nuwe fees in KwaZulu-Natal te begin in samewerking met nog ŉ nasionale jeugorganisasie, Youth for Christ en ŉ paar groot Engelse kerke.

- **Skep van Suid-Afrikaanse veeltalige aanbiddingsmusiek**
  #Imagine het in 2017 begin om veeltalige aanbiddingsmusiek by feeste te gebruik deur bekende en bestaande musiek in keurspelformaat te verwerk. Liedere en refreine in Afrikaans, Engels, Xhosa en Sotho is hiervoor ingespan. Ons het dan ook in 2018 ŉ CD vrygestel wat van hierdie liedere bekendstel. Ons droom is dat jongmense uit verskillende kulture mekaar se liedere sal leer ken en sal leer om saam te sing. Mens wil amper sê dat jong gelowiges wat mekaar se liedere leer sing tot wonderlike dinge in staat is! Die skep van splinternuwe veeltalige liedere is ŉ volgende uitdaging wat ons aan ons musiekspanne gegee het. Ons is opgewonde oor die ontwikkeling!

- **Lewens- en werksvaardighede vir jongmense**
  Werkloosheid onder Suid-Afrikaanse jongmense bly een van die grootste krisispunte in ons samelewing. Om met jongmense te werk en hulle te motiveer vir die toekoms en nie hieraan aandag te gee nie is om die olifant in die kamer mis te kyk. As verder in ag geneem word dat twee derdes van jongmense gebrek het aan mentors wat vir hulle die weg kan wys, is dit nog meer dringend.

  #Imagine is besig om ŉ program te ontwikkel wat kerke wil help om hoërskoolleerders te help mentor rondom lewensvaardighede, werksgereedheid en werksetiek. Die #Nakgana-program (nakgana beteken “dink/droom” in Sotho) het ten doel om jeugleiers, predikante en pastore ge-akkrediteerde opleiers te maak wat ŉ drie-jaar vaardigheidsillabus by kerke kan aanbied. #Imagine-feeste sal as afskop- en oriënteringsgeleentheid gebruik word, waarna ŉ 12-week program by tuisgemeentes deur die jeugleier/predikant/pastoor aangebied kan word. Ons hoop om ŉ loodsprojek tydens 2020 se feeste te hou om die lewensvatbaarheid en volhoubaarheid te toets. Ons is geweldig opgewonde oor die moontlikhede wat ŉ program soos hierdie kan hê om missionaal by die nood van jong mense regoor Suid-Afrika betrokke te raak.